



Province of the  
**EASTERN CAPE**  
EDUCATION

**SENIOR FASE**

**GRAAD 9**

**NOVEMBER 2019**

**AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V3  
NASIENRIGLYN**

**PUNTE: 30**

---

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 9 bladsye wat 2 rubrieke insluit.

---

**LEERUITKOMS 3: SKRYF EN AANBIED****ALGEMENE RIGLYNE BY DIE ASSESSERING VAN VRAESTEL 3**

1. Maak gebruik van die voorgeskrewe rubrieke (Bylaag A, Bylaag B). Bestudeer en bespreek hierdie rubrieke baie deeglik. Let veral daarop dat beplanning, formaat, redigering en struktuur by die rubrieke ingesluit is.
2. **As 'n onderwerp misgetas is, word die kandidaat volgens die rubrieke baie laag op inhoud aangeslaan.**
3. Indien 'n skryfstuk **enigsins uit die vraestel saamgeflans** word of **dele van opdragte uit die vraestel net so oorgeskryf word**, sal die skryfstuk nie logies opeenvolg nie en die kandidaat ontvang dan **geen punte nie**. Kommentaar sal wees: **Nie eie werk nie / Saamgeflans**.
4. Maak gebruik van die volgende simbole/tekens by die nasien van skryfwerk ter wille van eenvoud en eenvormigheid. Om net strepe te trek, is **ONAAANVAARBAAR**.
5. Die kandidaat word nie gepeenaliseer indien hy/sy minder as die minimum of meer as die maksimum aantal woorde gebruik nie.

<b>SIMBOOL</b>	<b>BESKRYWING</b>	<b>VERDUIDELIKING</b>
O	Sirkel	Punktuasiefout
=====	Dubbele strepie onder 'n woord	Spelfout
(.....)	Plaas hakies om die woord	Woordorde weggelaat
^	Weglaatteken	Woorde weggelaat
T	Hoofletter T in die kantlyn	Tye verwar
hh	Dubbele hh	Herhaling van gedagtes
Vr	Vraestel	Dele saamgeflans met woorde in vraestel gebruik
?	Vraagteken	Baie verwarrend / sukkel om te verstaan wat leerder skryf
//	Dubbele skuinsstreep	Paragraafindeling
x	Trek x oor die verkeerde woord	Woord uit ander taal gebruik
√	√ Bo die woord	Erkenning van taaljuweeltjies

**VRAAG 1****AFDELING A: OPSTELTIPES**

Assesseer die opstel sonder vooroordeel vanuit die kandidaat se oogpunt en volgens sy/haar interpretasie. Die soort opstel wat die leerder aanbied, word deur die onderwerp gelei.

**TIPE OPSTELLE:****VERHALENDE OPSTEL**

Dit is 'n interessante vertelling van 'n storie/gebeurtenis(-se) (gewoonlik uit die verlede). Dit kan vanuit enige perspektief geskryf word.

**Hou die volgende in gedagte:**

- Dit gaan oor iets wat gebeur het en vertel word ('n storie of gebeurtenis).
- 'n Sterk oortuigende storielyn ontwikkel logies en die verhaal oortuig.
- Dit is opreg en met entoesiasme geskryf.
- Die inhoud is boeiend en interessant, dit oortuig en ontwikkel logies; daarom is die inhoud samehangend.
- Die verhaal word uit eie ervaring geskryf maar kan fiktief wees.
- Karakterisering oortuig en die agtergrond/atmosfeer is geslaagd.
- 'n Treffende inleiding wat die leser boei.
- 'n Verrassende slot.
- Sinstruktuur, spelling, leestekens, taalgebruik, paragrafering moet aandag geniet.

**BESKRYWENDE OPSTEL**

Die skrywer beskryf iets/iemand soos hy/sy dit ervaar (dis moeilik om iets te beskryf wat nie eerstehands ervaar is nie) en stel die leser in staat om die onderwerp wat beskryf word, net so lewendig soos hy/sy te beleef.

**Hou die volgende in gedagte:**

- Waarnemings met al vyf sinne en 'n goeie woordeskat word vereis.
- Insig, begrip, 'n eie beleving en sinvolheid geniet aandag. (Dus meer as net die opnoem van waarnemings.)
- Tekste kan varieer van meer realisties na 'n verdieping in die aanbieding.
- Eie gevoelens oor dit wat beskryf word, kan gegee word.
- Plekke en gebeure word presies en akkuraat beskryf.
- Karakters moet lewensgetrou wees: innerlik en uiterlik.
- Beeldspraak, idiome en spreekwoorde word op 'n oorspronklike wyse aangewend.
- Sinstruktuur, spelling, leestekens, taalgebruik, paragrafering moet aandag geniet.

## BEREDENERENDE OPSTEL

Dis objektief en probeer om 'n gebalanseerde gesigspunt van beide kante van 'n argument te gee. Die skrywer oorweeg verskeie aspekte van die onderwerp onder bespreking en bied teenstellende menings onpartydig aan. Die skrywer mag tot 'n spesifieke gevolgtrekking kom aan die einde van die opstel, maar die argumente vir en teen die onderwerp moet goed gebalanseerd en duidelik ontleed wees in die ontwikkeling van die opstel.

### Hou die volgende in gedagte:

- Dit kan vanuit die leerder se perspektief geskryf word.
- Die inleiding moet die leser se aandag vasvang.
- Die vertel-/ storielyn ontwikkel logies en die verhaal oortuig die leser.
- Die leser se belangstelling moet deurgaans behou word.
- Die verhaal word realisties en met entoesiasme geskryf.
- Die verhaal word uit eie ervaring geskryf, of kan fiktief wees.
- Sinstruktuur, spelling, leestekens, taalgebruik en paragrafering moet aandag geniet

## VISUELE PRIKKELS

Die onderwerp moet pas by die visuele prikkels. Die nasiener moet onthou dat alhoewel hierdie visuele prikkels oop is vir 'n verskeidenheid interpretasies, die opstel direk by die kern van elke prent moet aansluit. Die agtergrond kan in ag geneem word om die kern toe te lig. **Die kandidaat se perspektief op die kern van die prent moet oorweeg word by die assessering.**

## ONTLEDING VAN MOONTLIKE OPSTELTIPES PER VRAAG

- Die vrae is só geformuleer en die prente só gekies dat 'n persoonlike inkleding van die gekose onderwerp/ kern van die prent van die kandidaat verwag word.
- Die opstel wat geskryf word, kan **waarskynlik in meer as een kategorie val, maar nie noodwendig nie**. 'n Opstel kan ook elemente van verskillende tipes opstelle bevat. Verskillende persoonlikheidstipes en belangstellingsvelde word in ag geneem.

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B

### VRAAG 2: LANGER TRANSAKSIONELE TEKSTE

Van die kandidaat word verwag om:

- EEN vraag te beantwoord.
- 140 tot 160 woorde oor die onderwerp te skryf.
- Die instruksies by die vraag uit te voer.
- Die regte formaat te gebruik.

#### 2.1 INFORMELE BRIEF VAN SIMPATIE

##### **FOKUS**

Die kandidaat skryf 'n vriendskaplike brief en maak verskoning dat hy/sy nie by sy/haar beste maat se partytjie kon wees nie.

##### **KENMERKE**

- Die brief is vriendskaplik. Die inhoud is vriendelik en persoonlik van aard.
- Die taal en styl van die brief is informeel en gemaklik.
- Die kandidaat spreek die maat direk aan.
- In die brief moet die kandidaat die maat om verskoning vra waarom sy/hy nie by die partytjie kon wees nie.
- Die toon, styl en keuse moet by die verwantskap tussen die kandidaat en die maat pas; informeel wees.
- Vermy slordige taal, slengwoorde en SMS-taal.

##### **FORMAAT**

Die formaat van die brief moet korrek wees:

##### **Leestekens**

- Geen leestekens word in die adres, aanhef of slot gebruik nie.

##### **Die adres en datum**

- Die adres van die briefskrywer moet regs boaan in blokvorm geskryf word.
- Daar behoort nie 'n reël tussen die poskode en die datum oopgelaat te word nie.

**Toegewing:** 'n Reël kan tussen die poskode en datum oopgelaat word.

- Die datum word voluit geskryf: 20 Oktober 2018.
- 'n Reël word tussen die adres van die sender en aanhef oopgelaat.
- Let op die verskillende wyses waarop die adres geskryf kan word. Verwys na bl. 6.

##### **Die aanhef, afsluiting en slot**

- Aanhef: "Beste" of "Liewe" word gebruik; dit word teen die linkerkantlyn geskryf.
- Groete/liefdegroete kry 'n punt aan die einde.
- Daar word nie 'n reël tussen Jou maat/vriend(in) en die naam oopgelaat nie.
- Die omskrywing, bv. Jou maat/vriend(in) voor die briefskrywer se naam is opsioneel.

**Die paragrawe**

- 'n Reël word tussen die paragrawe ooggelaat.
- Die inleidingsparagraaf stel die rede vir die brief duidelik, byvoorbeeld dat die brieffskrywer sy maat om verskoning vra.
- Die liggaam van die brief brei uit op die rede vir die brief.
- Die brieffskrywer verduidelik waarom hy/sy die maat se partytjie gemis het.
- Die slotparagraaf moet die brief saamvat.

Let op die verskillende wyses hieronder waarop die adres geskryf kan word.

**Voorbeelde van die brieffskrywer se adres:**

Kerkstraat 1	Posbus 88	Huis 342	Plot 588
Uitbreiding/Voorstad	Pleknaam	Pleknaam	Pleknaam
Pleknaam	Kode	Kode	Kode
Kode			
Rusthof	Sewende Laan 10	OF Sewendelaan 10	
Pleknaam	Westdene		
Kode	Kode		

Let op die volgende: **Kerkstraat** is altyd een woord omdat dit 'n samestelling van TWEE soortname is. **Arcadia Straat** is 'n samestelling tussen 'n eiennaam en 'n soortnaam en daarom kan dit soos volg geskryf word: Arcadiastraat, Arcadia Straat, Arcadia straat, Arcadia-straat, Arcadia-Straat (AWS, 2009 bl.121).

Geen Engels behalwe amptelike Engelse name, bv. Mandela Square, word aanvaar nie.

[10]

**2.2 ADVERTENSIE****FOKUS**

Die kandidaat ontwerp 'n advertensie wat mense oortuig om van die kandidaat se dienste gebruik te maak.

**KENMERKE**

- Die advertensie is 'n inligtingsblad wat mense moet aanmoedig om van jou dienste gebruik te maak.
- Dit teikengroep is die gemeenskap/mense in jou omgewing.
- Die leser moet die advertensie maklik verstaan.
- Die inligting moet logies uiteengesit word.
- Hierdie advertensie berus op die sogenaamde ABBA-beginsel:
  - Die advertensie moet die leser se **aandag** trek deur verskillende lettertipes en lettergroottes.

- Die leser se **belangstelling** moet gewek word deur middel van interessante inhoud en uitleg.
- Visuele aspekte en gevoelstaal is ook hier ter sprake.
- Hierdie advertensie moet 'n **begeerte** by die leser wek om van die adverteerder se dienste gebruik te maak.
- As die advertensie in sy doel slaag, sal die leser tot **aksie** oorgaan en gebruik maak van die dienste.
- Toon, styl en woordkeuses moet die lesers oorreed.

### FORMAAT

- Die volgende inligting moet op die advertensie verskyn:
- Hoe kan ons baat vind deur van adverteerder se dienste gebruik te maak?
- Wanneer vind dit plaas?
- Waar vind dit plaas?
- Wat is die koste daaraan verbonde?
- Kontakbesonderhede vir verdere navrae
- Leestekens

[10]

## 2.3 DAGBOEKINSKRYWING

### FOKUS

Die kandidaat kan net EEN dagboekinskrywing maak:

- 'n Inskrywing om uiting te gee aan sy/haar gevoelens en gedagtes oor die aand voor sy/haar Afrikaans eksamen bv, bang, senuweeagtig, opgewonde of gelukkig.

### KENMERKE

- Die dagboek is 'n informele skryfstuk wat spreek van die kandidaat se emosies en gedagtes oor die Afrikaans eksamen.
- Gevoelens/gedagtes wat beleef word, word beskryf.
- Die dagboekinskrywings word in die eerste persoon geskryf.
- Plekke, familie en vriende word op die naam genoem.
- Toon, styl en woordkeuse moet die inhoud ondersteun, nl. uitspreek van gevoelens van bekommernis/skok/blydschap, ens.

### FORMAAT

- Die kandidaat maak 'n dagboekinskrywing.
- Die dagboekinskrywing moet die dag en/of datum hê wat boaan geskryf word.
- Die kandidaat hoef nie met 'Liewe Dagboek' te begin nie.
- Die uiteensetting van inskrywings mag in paragraafvorm wees.

[10]

**TOTAAL AFDELING B: 10**  
**GROOTTOTAAL: 30**

**RUBRIEK: BYLAAG A**  
**AFDELING: OPSTEL [20]**

20 punte	Kode 7 Uitmuntend 80–100%	Kode 6 Verdienstelik 70–79%	Kode 5 Beduidend 60–69%	Kode 4 Voldoende 50–59%	Kode 3 Matig 40–49%	Kode 2 Basies 30–39%	Kode 1 Ontoereikend 0–29
	<b>8–10</b>	<b>7–7½</b>	<b>6–6½</b>	<b>5–5½</b>	<b>4–4½</b>	<b>3–3½</b>	<b>0–2</b>
<b>Inhoud en beplanning</b>  10 punte	Inhoud beïndruk leser met insig in onderwerp. Idees is volwasse. Beplanning lei tot 'n feitlike foutlose opstel.	Inhoud toon deeglike Interpretasie van onderwerp. Idees interessant en verbeeldingryk. Beplanning lei tot goed saamgestelde, gepaste onderwerp.	Inhoud toon 'n goeie interpretasie van onderwerp. Idees interessant en oortuigend. Beplanning lei tot goeie gepaste opstel.	Voldoende interpretasie van onderwerp. Idees gewoon en diepte ontbreek. Beplanning is bevredigend.	Inhoud gewoon met leemtes in samehang. Idees meestal relevant. Beplanning lei tot redelike verstaanbare opstel.	Inhoud dikwels onverstaanbaar, gebrek aan samehang. Idees min, herhalend. Beplanning lei dat opstel nie goed aangebied is nie.	Inhoud nie ter sake nie. Geen samehang nie. Idees herhaal. Beplanning ontbreek, swak opstel.
	<b>4–5</b>	<b>3½</b>	<b>3</b>	<b>2½</b>	<b>2</b>	<b>1½</b>	<b>0–1</b>
<b>Taal, styl en redigering</b>  5 punte	Toon kritiese taalbewustheid. Korrekte gebruik van taal en puntuasie. Kan figuurlike taal in konteks gebruik. 'n Variasie in woordkeuse en word korrek gebruik. Styl, toon, en register is toepaslik vir die onderwerp. Opstel meestal foutloos na proeflees en redigering.	Toon kritiese taalbewustheid. Korrekte gebruik van taal en puntuasie. Kan figuurlike taal in konteks gebruik. 'n Variasie in woordkeuse en word korrek gebruik. Styl, toon en register is toepaslik vir die onderwerp. Opstel meestal foutloos na proeflees en redigering.	Daar is bewyse van kritiese taalbewustheid. Taal en puntuasie meestal korrek. Woordkeuse is gepas vir opstel. Styl, toon en register is meestal toepaslik vir die onderwerp. Opstel oor die algemeen foutloos na proeflees en redigering.	'n Aanduiding van krities taalbewustheid. Taal baie eenvoudig en puntuasie voldoende. Woordkeuse voldoende. Styl, toon en register oor die algemeen in ooreenstemming met vereistes vir die onderwerp. Opstel het steeds foute na die proeflees en redigering.	Geen kritiese taalbewustheid. Taal gewoon en puntuasie dikwels foutiewelik gebruik. Woordkeuse basies. Styl ,toon en register toon gebrek aan samehang. Opstel het steeds Foute na proeflees en redigering.	Geen kritiese taalbewustheid. Gebrekkige taal en puntuasie. Woordkeuse beperk. Styl ,toon en register gebrekkig. Opstel is besaai met foute ten spyte van proeflees en redigering.	Geen kritiese taalbewustheid. Ernstige gebrek aan taal en puntuasie. Woordkeuse ontoepaslik. Styl, toon en register is baie gebrekkig. Opstel is besaai met foute en verwar ten spyte van proeflees en redigering.
	<b>4–5</b>	<b>3½</b>	<b>3</b>	<b>2½</b>	<b>2</b>	<b>1½</b>	<b>0–1</b>
<b>Struktuur</b>  5 punte	Ontwikkeling van onderwerp is samehangend, met verbeeldingryke detail. Sinne en paragrawe samehangend saamgestel. Lengte is in ooreenstemming met vereistes.	Ontwikkeling van onderwerp is samehangend en logiese ontwikkeling van detail. Verskillende tipes sinne, paragrawe skakel logies. Lengte is korrek.	Ontwikkeling van onderwerp is samehangend met verbeeldingryke detail. Sinne en paragrafering; samehangend, goed gekonstrueer/saamgestel. Lengte korrek.	Onderwerp bevat sommige idees; noodsaaklike detail egter ingesluit. Sinskonstruksie en paragrafering kan foute bevat, maar opstel maak nog sin. Lengte is amper korrek.	Daar is bewyse van ontwikkeling van sommige noodsaaklike idees. Sinskonstruksie en paragrafering baie foutief, maar idees is verstaanbaar. Lengte te kort/lank.	Dwaal soms van die onderwerp af. Algemene gedagtegang moeilik om te volg. Sinskonstruksie en paragrafering baie elementêr saamgestel. Lengte is te kort/lank.	Afgedwaal van die onderwerp. Sinskonstruksie en paragrafering: deurmekaar en ondeurdag. Lengte is heeltemal te kort/lank.



**RUBRIEK: BYLAAG B**  
**AFDELING B: TRANSAKSIONELE TEKSTE [10]**

10 punte	Kode 7 Uitmuntend 80–100%	Kode 6 Verdiensielik 70–79%	Kode 5 Beduidend 60–69%	Kode 4 Voldoende 50–59%	Kode 3 Matig 40–49%	Kode 2 Basies 30–39%	Kode 1 Ontoereikend 0–29
	<b>4–5</b>	<b>3½</b>	<b>3</b>	<b>2½</b>	<b>2</b>	<b>1½</b>	<b>0–1</b>
<b>Inhoud beplanning en formaat</b>  <b>5 punte</b>	Gespesialiseerde kennis van vereistes van teks. Gedissiplineerde skryfwerk. Behou deurgaans algehele fokus; geen afwykings nie. Teks algeheel samehangend; alle detail ondersteun onderwerp. Beplanning lei tot foutlose en gepaste teks. Al die nodige reëls vir formaat is toegepas.	Goeie kennis van vereistes van teks. Gedissiplineerde skryfwerk. Behou fokus; byna geen afwykings nie. Inhoud en idees samehangend; alle detail ondersteun die onderwerp. Beplanning lei tot 'n goed saamgestelde, gepaste teks. Al die nodige reëls vir die formaat is toegepas.	Redelike kennis van vereistes van teks. Behou goeie fokus, onbenullige afwykings. Inhoud en idees samehangend; detail ondersteun die onderwerp. Beplanning lei tot goeie gepaste teks. Die meeste van die nodige reëls is toegepas.	Voldoende kennis van vereistes van teks. Inhoud wyk af van onderwerp, maar dit belemmer nie die oorhoofse betekenis nie. Inhoud en idees is voldoende; samehangend; sommige van die detail ondersteun die onderwerp. Beplanning lei tot 'n bevredigende teks. Kennis van die nodige reëls vir die formaat is voldoende.	'n Gemiddelde kennis van vereistes van teks. Respons toon oppervlakkige fokus. Wyk af van onderwerp; betekenis is plek-plek vaag. Inhoud en idees gemiddeld en samehangend basiese detail ondersteun Die onderwerp. Beplanning lei tot 'n redelike, gemiddelde, verstaanbare teks. Kennis van die nodige reëls vir die formaat is gemiddeld; kritiese nalatige foute is begaan.	'n Elementêre kennis van vereistes van teks. Respons op geskrewe teks toon 'n beperkte fokus. Inhoud wyk af van onderwerp; betekenis is plek-plek verwarrend. Inhoud en idees nie samehangend nie; min detail wat die onderwerp ondersteun. Beplanning is gebrekkig; teks nie goed aangebied nie. Kennis van die nodige reëls vir die formaat is vaag.	Geen kennis van vereistes van teks nie. Inhoud wyk af van onderwerp; Betekenis is plek-plek verwarrend. Inhoud en idees is nie samehangend nie; te min detail ondersteun die onderwerp. Beplanning is afwesig/nie gedoen nie; swak aanbieding van teks. Geen kennis van die nodige reëls vir die formaat nie.
	<b>4–5</b>	<b>3½</b>	<b>3</b>	<b>2½</b>	<b>2</b>	<b>1½</b>	<b>0–1</b>
<b>Taal, styl en redigering</b>  <b>5 punte</b>	Teks is grammatikaal akkuraat; sinne goed saamgestel. Woordeskat is baie toepaslik vir doel van teks, gehoor en konteks. Styl, toon en register baie toepaslik. Teks feitlik foutloos na proeflees en redigering. Lengte is in ooreenstemming met vereistes.	Teks is grammatikaal akkuraat; sinne goed saamgestel. Woordeskat is meestal toepaslik vir die doel van teks, gehoor en konteks. Styl, toon en register meestal toepaslik. Teks oorweging foutloos na proeflees en redigering. Lengte is in ooreenstemming met vereistes.	Is grammatikaal maklik om te lees; sinne is goed saamgestel. Woordeskat is toepaslik vir die doel van teks, gehoor en konteks. Styl toon en register oor die algemeen toepaslik. Teks meestal foutloos na proeflees en redigering. Lengte is in ooreenstemming met vereistes.	Teks is voldoende saamgestel ten spyte van foute. Woordeskat is voldoende vir doel van teks, gehoor en konteks. Styl, toon en register voldoende. Teks het steeds foute baie foute na proeflees en redigering. Lengte is amper korrek.	Teks is basies saamgestel. Verskeie foute. Woordeskat is beperk en nie baie gepas vir doel van teks, gehoor en konteks nie. Styl, toon en register toon gebreke. Teks het steeds baie foute na proeflees en redigering. Lengte te kort/lank.	Teks is swak en moeilik om te volg. Woordeskat benodig remediëring en is nie geskik vir doel van teks, gehoor en konteks nie. Styl, toon en register nie geskik vir onderwerp nie. Teks is besaa met foute t.s.v. proeflees en redigering. Lengte is kort/lank.	Teks is swak saamgestel en verwarrend. Woordeskat benodig ernstige remediëring en is nie toepaslik vir doel van teks nie. Styl, toon en register pas nie by onderwerp nie. Opstel is besaa met foute en verwarrend ten spyte van proeflees en redigering. Lengte is heeltemal te kort/te lank.